higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN230**(A)**(N12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

REKENAARPRAKTYK N6

(6030196)

12 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

DIE VRAESTEL SLUIT DIE INSTRUKSIES IN WAT AAN KANDIDATE EN TOESIGHOUERS GEGEE MOET WORD 30 MINUTE VOOR DIE AANVANG VAN DIE EKSAMENSESSIE.

Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye en 4 antwoordblaaie.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES AAN TOESIGHOUERS EN KANDIDATE

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES VOORDAT JY DIE VRAESTEL BEANTWOORD. DIE TOESIGHOUER SAL VERDUIDELIK AS DAAR IETS IS WAT NIE DUIDELIK IS NIE.

1. Die vraestel bestaan uit die volgende DRIE afdelings:

   AFDELING A: Teorie (50 punte)
   AFDELING B: Woordverwerking (150 punte)
   AFDELING C: Sigblad (150 punte)
   AFDELING A is VERPLIGTEND.

   Kandidate moet óf AFDELING B óf AFDELING C beantwoord.

   AFDELING A moet op die ANTWOORDBLAD beantwoord word.

   AFDELING B word met behulp van 'n woordverwerkingsprogram op die rekenaar gedoen.

   AFDELING C word met behulp van 'n sigbladprogram op die rekenaar gedoen.

   AL die DRUKSTUKKE moet korrek genommer wees en beide die VRAAGNOMMER en die EKSAMENNOMMER (REKENAARNOMMER) moet gedruk word soos aangedui in die instruksies. Handgeskrewe EKSAMENNOMMERS sal NIE aanvaar word nie.

2. Die tydsduur van die vraestel is DRIE UUR. GEEN bykomende tyd sal toegelaat word vir die uitdruk van antwoorde ná die verstryking van die eksamen nie.

3. In geval van 'n kragonderbreking of indien 'n rekenaar of drukker onklaar raak, moet die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidaat om voort te gaan en die werklike verlore tyd moet bygevoeg word.

4. Indien daar 'n probleem met sekere drukkers is, bv. dit druk nie 'n ë nie, moet 'n verslag saam met die sentrum se drukstukke gestuur word.

5. ASCII-kodes sowel as 'n speltoetser kan gebruik word.

Kopiereg voorbehou

6. Elke antwoord moet op 'n AFSONDERLIKE vel papier en slegs op EEN kant van die papier gedruk word. Plaas ALLE DRUKSTUKKE in die EKSAMENOMSLAG.

7. DRUKSTUKKE moet op A4-papier gedruk word behalwe as 'n spesifieke papiergrootte vereis word.

8. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag of onderafdeling van 'n vraag mag ingegee word om nagesien te word. As meer as EEN ingegee word, sal slegs die boonste een nagesien word.

9. Na afloop van die eksamensessie moet ALLE DRUKSTUKKE wat 'n kandidaat wil laat nasien in die EKSAMENOMSLAG geplaas word en aan die toesighouer gegee word.

10. DRUKSTUKKE wat NIE vir nasien bedoel is nie moet na afloop van elke sessie deur die toesighouer ingeneem en aan die einde van die dag vernietig word. GEEN DRUKSTUKKE mag uit die eksamenlokaal verwyder word of in vullishouers geplaas word nie.

11. In AFDELING B en AFDELING C mag slegs 'n fontgrootte van 12 pt gebruik word, behalwe as 'n spesifieke grootte vereis word, of in die geval van 'n sigblad wanneer 'n kleiner fontgrootte nodig is om die antwoord op EEN bladsy in te pas. In AFDELING B moet kantruimtes van 2,54 cm/1" gebruik word behalwe as anders aangedui.

12. Alle werk op die rekenaar moet met gereelde tussenposes gestoor word om verlies van werk tydens 'n kragonderbreking te voorkom. GEEN bykomende tyd word vir sodanige verlies van werk toegestaan nie. Dit is die verantwoordelikheid van kandidate om hulle antwoorde teen uitwissing te beskerm.

13. Om die oorspronklike sowel as die geredigeerde weergawe van antwoorde te kan druk moet kandidate die werk na elke aparte vraag stoor voordat dit gedruk word.

14. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE van die antwoorde ingee sowel as 'n disket met die gestoorde antwoorde (behoorlik gemerk met die kandidaat se EKSAMENNOMMER). Indien die kandidaat se werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet die toesighouer die antwoorde na 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer en onmiddellik die antwoorde van die hardeskyf/netwerk verwyder. Hierdie kompakskyf/geheuestokkie moet vir ten minste SES maande by die eksamenafdeling bewaar. Dit moet NIE by die antwoorde ingesluit word nie.

15. GEEN vraestel mag uit die eksamenlokaal geneem word voordat minstens EEN uur na die aanvang van die laaste sessie verstryk het nie. Alle vraestelle moet gevolglik ingegee word. Dit kan na afloop van die eksamen aan kandidate teruggegee word.

Kopiereg voorbehou

16. Indien 'n vraestel in meer as een sessie geskryf word, moet toesighouers toesien dat ALLE antwoorde van kandidate van die hardeskywe of die netwerk verwyder word voordat kandidate vir die volgende sessie tot die lokaal toegelaat word.

17. GEEN kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat uitdruk, sy/haar disket aan 'n ander kandidaat beskikbaar stel of toegang verkry tot ander kandidate se werk op die netwerk nie. Enige poging om inligting te bekom of inligting aan 'n ander kandidaat op welke wyse ook al oor te dra, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal in 'n ernstige lig beskou word.

WAG VIR DIE INSTRUKSIE VAN DIE TOESIGHOUER VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TEORIE (VERPLIGTEND)

HIERDIE AFDELING MOET OP DIE ANTWOORDBLAAIE BEANTWOORD WORD. ONTHOU OM JOU EKSAMENNOMMER IN DIE SPASIE DAARVOOR IN TE VUL EN DIE ANTWOORDBLAAIE IN JOU EKSAMENOMSLAG TE SIT.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae noukeurig.
3. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
4. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: INLIGTINGSTELSELS

1.1 Sekere besluite moet geneem word voordat jy 'n rekenaar koop. Een behels die grootte van die skerm.

Noem VYF ander belangrike faktore wat jy in ag moet neem wanneer 'n nuwe rekenaar gekoop word. (5)

1.2 Noem enige DRIE finansieringsmetodes wat gebruik kan word om 'n nuwe rekenaar te koop. Noem ook EEN voordeel van elke metode. (3 × 2) (6)

[11]

VRAAG 2: BEDRYFSTELSELS

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) op die ANTWOORDBLAD neer.

2.1.1 Die *Display*-opsie op die *Control Panel* bied jou opsies om die *screen saver* te verander.

2.1.2 *Backup* is 'n stelselhulpmiddel (*system tool*) wat data op 'n rekenaar se hardeskyfaandrywer (*hard drive*) stoor.

2.1.3 Die opsie *Connect to a Wireless Network* word gedoen via die *Control Panel: Network and Sharing Centre*.

2.1.4 Veranderinge aan die *display*- of *sleep*-modus van 'n rekenaar word gedoen via die *power options* van die *Control Panel*.

2.1.5 Die *System Defragmenter* word gebruik om die inligting van die stelsel te vertoon.

Kopiereg voorbehou

2.1.6 Om programme op die stelsel te *uninstall* word die opsie van *Programs and Features* op die *Control Panel* gebruik.

2.1.7 Eienskappe (*Features*) soos *Windows Watch*, *Calendar* en *Weather* word geïnstalleer via die opsie *Desktop Gadgets* op die *Control Panel*.


2.1.8 Fisieke formatering word ook relatiewe of hoëvlakformatering genoem.

2.1.9 Partisionering verdeel die hardeskyfaandrywer in dele sodat dit soos veelvoudige aandrywers voorkom.

2.1.10 Die WTG (*RAM*), LAG (*ROM*) and cache-geheue (*cache memory*) is bekend as die administrasie-areas (*housekeeping areas*).

(10 × 1) (10)

2.2 Gebruik die skermdruk om die vrae te beantwoord.



2.2.1 Wat is die naam van hierdie lêergids (*folder*)?

2.2.2 Wanneer is hierdie lêergids geskep?

2.2.3 Waar kan hierdie lêergids op die rekenaar gevind word?

2.2.4 Hoeveel lêers en lêergidse bevat hierdie lêergids?

(4 × 1) (4)
[14]

VRAAG 3: VIRUSSE

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (3.1–3.13) op die ANTWOORDBLAD neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Proses om inligting of data in 'n kode te omskep, veral om ongemagtigde toegang te voorkom	A	kwaadwillige ware (*malware*)
3.2	Sagteware spesifiek ontwerp om gemagtigde toegang tot 'n rekenaar te verkry, te versteur of te beskadig	B	lospryspro-grammatuur (*ransomware*)
3.3	Hardeware of sagteware wat 'n versperring vorm waardeur alle inligting tussen netwerke en eksterne stelsels moet gaan	C	fermware
3.4	Bedrog deur die stuur van e-posse asof van 'n betroubare maatskappy om persoonlike inligting soos wagwoorde of kredietkaartnommers te bekom	D	lêer-infekterende virus
3.5	Kwaadwillige (*malicious*) sagteware wat toegang tot 'n rekenaarstelsel blokkeer totdat 'n som geld betaal is	E	trojaanse
3.6	Besmet selflaaisektor (*boot sector*) of disket of meesterselflaairekord (*master boot record*) van hardeskyfaandrywers	F	vals nuus
3.7	Besmet uitvoerbare lêers om hulle permanent onbruikbaar te maak deur die kode te oorskryf of besmette kode in 'n uitvoerbare lêer in te voer	G	rekenaarwurm
3.8	Nuus wat nie op feite gegrond is nie maar as feitelik korrek aangebied word in tradisionele nuus, sosiale media of op webwerwe met vals nuus	H	kuberkraker
3.9	Iemand wat rekenaars gebruik om ongemagtigde toegang tot data te verkry	I	uitvissing (*phishing*)
3.10	E-posboodskappe in massa uitgestuur, dikwels vir kommersiële doelwitte, deur robotnetwerke (*botnets*) of netwerke van virus-besmette rekenaars	J	selflaaisektor-virus
3.11	Losstaande kwaadwillige rekenaarprogram (*malware*) wat homself dupliseer na ander rekenaars	K	*spoofing*
3.12	Kwaadwillige (*malicious*) rekenaarprogram wat gebruikers mislei, weggesteek in gewone sagteware soos nutsprogramme (*utilities*) of speletjies	L	gemorspos (*spam*)
3.13	Poging om e-pos te verander en weer te stuur sodat dit lyk asof boodskap van iemand anders kom	M	brandmure
		N	enkodering
		O	deelprogram-matuur (*shareware*)

(13 × 1) **[13]**

VRAAG 4: FOUTSPEURING

4.1 Swak instandhouding veroorsaak dikwels hardewareprobleme.

Noem TWEE maatreëls elk om skade aan die volgende te voorkom:

4.1.1 Sleutelbord

4.1.2 Muis

(2 × 2) (4)

4.2 Gee die rede en/of moontlike oplossing vir elk van die volgende rekenaar-probleme:

4.2.1 Rekenaar het gevries en programme reageer nie (2)

4.2.2 Rekenaar is stadig (3)

4.2.3 Drukker druk nie (3)

[12]

TOTAAL AFDELING A: 50

KANDIDATES MOET SLEGS AFDELING B OF AFDELING C BEANTWOORD.

AFDELING B: WOORDVERWERKING

INSTRUKSIES

1. Skryf die weergawe van die woordverwerkingsprogram wat jy gebruik op die voorblad van jou EKSAMENOMSLAG, byvoorbeeld MS Word 2013.

2. Lees die instruksies aandagtig deur.

3. Gebruik 'n fontgrootte van 12 pt, byvoorbeeld Courier New 12 pt, behalwe wanneer anders aangedui.

4. Die volgende inligting moet as kopskrif (*header*) op elke bladsy verskyn:

   Belyn EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER teen die linkerkantruimte — Belyn VRAAGNOMMER teen regterkantruimte

   EKSAMENNOMMER (REKENAARNOMMER) VRAAGNOMMER

5. Gebruik die datumfunksie om alle datums in te voeg.

6. Plaas ALLE DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde in jou EKSAMEN-OMSLAG. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingegee word.

VRAAG 5

Skep 'n briefhoof vir Khawuleza Fibre Optics Services vir fakture en dienste gelewer.

1. Maak 'n nuwe dokument oop.

2. Gebruik Arial 12 pt.

3. Alle kantruimtes moet 0,5"/1,27 cm wees.

4. Voeg jou EKSAMENNOMMER/REKENAARNOMMER en die VRAAG-NOMMER in soos aangedui in die instruksies.

5. Voeg bo aan die bladsy 'n horisontale enkellyn van ½ pt van die linker- tot die regterkantruimte in.

6. Laat TWEE reëlafstande na die lyn en skep DRIE kolomme: kolom 1: 5 cm/1,97"; kolom 2: 7 cm/2,76" en kolom 3: 5 cm/1,97".

7. Sleutel die teks hier onder in en doen die manipulasies soos aangedui.

7.1.1 Kolom 1:

Sluit aan by die snel-groeiendste vesel-netwerk

Voeg teks in Bradley Hand ITC 22 pt in linksbelyn, vetdruk, 5 reëls

7.1.2 Kolom 2:

Voeg enige skadu-WordArt in soos aangedui.
Teks: KHAWULEZA
Font: Arial 30 pt, vetdruk, *Black*
Pas die WordArt aan by die wydte van die kolom, gesentreer

Sleutel die volgende in onder die WordArt, gesentreer. Gebruik fontgrootte en formatering soos aangedui.

FIBRE OPTICS SERVICES — *Arial 14 pt, vetdruk, gesentreer*

ǂ

Ongevorm
Onbeperk

Arial 10 pt, gesentreer

7.1.3 Kolom 3:
Herwin die prent gestoor as OPTIESEVESEL-GRAFIKA.
Voeg die prent in, regsbelyn. Verander die grootte van die prent na 2,54 cm/1'' in hoogte en 2,54 cm/1'' in wydte.
Pas die prentstyl *Drop shadow rectangle* toe.
Voeg 'n enkelrand van ¼ pt om die prent in.

Laat TWEE reëlafstande en voeg die teks en simbole (Wingdings) in soos aangedui in 10 pt in en belyn regs.

✆ 0800 000 555
✉ info@khawulezafibre.com
🖱 www.khawulezafibre.com

8. Verander na EEN kolom.
Laat TWEE reëlafstande en voeg 'n enkellyn van ½ pt van die linker- na die regterkantruimte in.

9. Voeg die volgende voetskrif (*footer*) in:

9.1.1 Voeg 'n dubbele horisontale lyn van 1½ pt van die linker- na die regterkantruimte in. Laat TWEE reëlafstande en sleutel die volgende teks in in 10 pt en gesentreer:

9.1.2 Veselhuis, Montaguweg 5, Port Elizabeth 6100
Reg: 2018/013579/06, BTW - 4567891023

10. Stoor die lêer as V5 OPTIESE BH.

11. Druk die briefhoof en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

[32]

VRAAG 6A

Gebruik die briefhoof en skep 'n primêre dokument wat as faktuur gebruik kan word vir kliënte van KHAWULEZA. Die databronlêer OPTIESE DATA is op die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTLÊERS-lêergids gestoor.

1. Herwin V5 OPTIESE BH.

2. Gebruik Arial 12 pt behalwe as anders aangedui.

3. Kantruimtes moet 0,5"/1,27 cm wees.

4. Verander die vraagnommer in die boskrif na 6A.

5. Gebruik die saamvoegfunksie (*mail merge function*) om OPTIESE DATA wat gestoor is op die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTLÊERS-lêergids aan die primêre dokument te verbind.

6. Laat TWEE reëlafstande onder die briefhoof en skep DRIE tabelle (*auto fit to window*) volgens die proefleestekens soos aangedui op die volgende bladsy. Moet nie die instruksies insleutel nie. Moet nie die kantruimtes oorskry nie.

7. Voeg veldname in waar aangedui met [ ]. Moet nie die [ ]-hakies insleutel nie.

8. Vetdruk die veldname.

9. Gebruik die belyning, teksomvouing en formatering soos aangedui in die tabel. Verstel die kolomwydte waar nodig.

10. Sentreer alle selle vertikaal.

11. Gebruik arsering (*shading*) van 25% waar aangedui.

12. Voeg rande in presies soos aangedui. Verander die wydte na 1½ soos aangedui op die volgende bladsy.

13. Gebruik die tabelformules en bereken die antwoorde waar die ? verskyn. Vertoon die antwoorde as geldeenheid met TWEE desimale.

    13.1.1 PRYS = HOEVEELHEID x EENHEIDSPRYS

    13.1.2 SUBTOTAAL = Som van PRYS

    13.1.3 BTW @ 15% = 15% van PRYS

    13.1.4 TOTAAL BETAALBAAR = SUBTOTAAL + BTW

14. Voeg die volgende voetnota in na die woord PRYS in die tweede tabel (kolomopskrif) soos aangedui (gebruik 1 as voetnotanommer):

    Per maand vir kontrakperiode van 24 maande

Briefhoof

KOORDLOSE INSTALLASIEWERKSKAART:

Tabelopskrifte en kolomopskrifte: hoofletters, vetdruk

KLANT ID:	[KLANT ID]
KLANT NAAM:	[NAAM] [VAN]
AANLYNKONTAKNAAM:	[KONTAKNAAM]
AANLYNKONTAKNOMMER 1:	[KONTAKNR1]
AANLYNKONTAKNOMMER 2:	[KONTAKNR2]
ADRES:	[STRAAT], [VOORSTAD], [STAD]
PAKKETBESONDERHEDE:	10 Mbps maks
GESKATTE INSTALLASIETYD:	3 uur

Skadu: Gray-25%
Ryhoogte: 0,7 cm/0,3"

PAKKET:

Voeg voetnota in, voetnotanommer 1

Voeg simbool in (Wingdings 252)

AFLAAISPOED	OPLAAISPOED	PRYS	MERK
Tot 2 Mbps	Tot 1 Mbps	R499	
Tot 10 Mbps	Tot 3 Mbps	R699	✓
Tot 15 Mbps	Tot 4 Mbps	R799	
Tot 30 Mbps	Tot 7 Mbps	R1199	

VOORRAAD EN TOERUSTING:

ITEM	HOEVEELHEID	EENHEIDPRYS (R)	PRYS
Paal	2	350	?
Stut	1	450	?
Kabel	50	16	?
Roeteerder	1	2500	?
Arbeid	3	270	?
		SUBTOTAAL	?
		BTW @ 15%	?
		TOTAAL BETAALBAAR	?

15. Stoor die dokument V6A OPTIESE TABEL.

16. Druk die dokument (met die saamgevoegde velde sigbaar) op EEN portret-bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(38)

VRAAG 6B

1. Gebruik die saamvoegfunksie en voltooi die saamvoeging om die dokumente te skep wat na die verskillende klante gestuur moet word.

2. Verander die VRAAGNOMMER in die kopskrif na 6B.

3. Maak seker dat die voetnotanommers op AL die bladsye dieselfde bly en dat die saamgevoegde velde in vetdruk is.

4. Maak seker dat die kolomme wyd genoeg is sodat die saamgevoegde data sonder teksomvouing (*wrapping*) daarin pas.

5. Stoor die saamgevoegde dokumente as V6B OPTIESE SAAMVOEG.

6. Druk die saamgevoegde dokumente en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG. (6)

VRAAG 6C

Gebruik die toepaslike funksie en skep adresetikette vir die verskillende klante.

1. Skep 20 etikette (4 kolomme × 5 rye). Die volgende etiket kan gebruik word:

   Etiketverskaffer: Avery A4/A5. Produknommer: J5101


2. Gebruik landskaporiëntasie.

3. Gebruik Baskerville Old Face 12 pt.

4. Vertoon die rande van al 20 etikette.

5. Die woord KHAWULEZA moet op AL die etikette in 16 pt, hoofletters, gesentreer en vetdruk verskyn.

6. Gebruik die databron OPTIESE DATA wat gestoor is op die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTLÊERS-lêergids om die etikette voor te berei. Die volgende data moet op die etikette verskyn, linksbelyn soos aangetoon:



7. Voltooi die saamvoeging en voeg jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER in op die laaste etiket regsbelyn. Moet NIE jou EKSAMENNOMMER en VRAAGNOMMER as 'n kopskrif invoeg nie.

8. Stoor die etikette as V6C OPTIESE-ETIKETTE.

9. Druk die etikette op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(16)
[60]

VRAAG 7

Hierdie dokument is 'n inligtingspamflet waarin veseltegnologie met die tradisionele ADHL-tegnologie vergelyk word.

1. Herwin die lêer VESEL wat op die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTLÊERS-lêergids gestoor is.

2. Redigeer die dokument soos aangeui in die instruksies en volgens die proefleestekens.

3. Verander die font na Rockwell 12 pt.

4. Voeg jou EKSAMENNOMMER/REKENAARNOMMER en die VRAAG-NOMMER in soos aangedui in die instruksies.

5. Kantruimtes moet 1,27 cm/0,5'' wees.

6. Justeer die teks en gebruik woordbreking (*hyphenation*).

7. Voeg die SmartArt soos aangedui op die volgende bladsy in boaan die bladsy volgens die instruksies hier onder:

   Soort (*Type*): Process – Arrow Ribbon
   Font: Rockwell 32 pt
   Fontkleur: *Black*
   Shape outline: Black 2¼
   Shape fill: No fill
   SmartArt size (ongeveer): hoogte – 4 cm/1,57'', wydte – 15 cm/5,9''

8. Voeg die vergelyking in waar aangedui.

9. Paragrawe gemerk met 'n asterisk (*) is hoofparagraafopskrifte, vlak 1, ** dui vlak 2 aan, ensovoorts.

10. Gebruik die formaat hier onder om die paragrawe te nommer:

Vlak	Formaat	Belyn op	Keep in op
1	1)	0	0,63 cm/0,25"
2	a)	0,63 cm/0,25"	1,27 cm/0,5"
3	i)	1,27 cm/0,5"	1,9 cm/0,75"
4	(1)	1,9 cm/0,75"	2,7 cm/1,06"

11. Maak seker dat alle paragrawe korrek ingekeep is.

12. Voeg bladsybreuke in waar aangedui.

13. Verander die oriëntasie van die tweede bladsy na landskap.

14. Voeg die eindnota hier onder in na die akroniem ADHL in die eerste paragraaf. Gebruik 2 as nommer vir die eindnota.


    Asimmetriese Digitale Huurderlyn

15. Gebruik die funksie om die eenheid Mbps te vind en vervang dit met die woorde Megabisse per sekonde in hoofletters, vetdruk en onderstreep.

16. Stoor die lêer as V7 VESEL.

17. Druk die dokument en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

    Voeg in SmartArt (Process, Arrow Ribbon)



ǂ

Vesel is die vinnigste ding op hierdie aarde en almal praat daaroor. Waaroor gaan die bohaai dus? Het dit te maak met spoed, of is daar iets anders? Lees verder om uit te vind hoe vesel met ADHL vergelyk en of dit die moeite werd is om die veselsprong te waag.

ǂ

Voeg die volgende vergelyking hier in, 16 pt, regsbelyn

Voeg die eindnota in, begin by 2

$$ADHL\ Spoed \leq 40\ Mbps + \sqrt{\frac{Kabeldiameter + tipe}{Afstand}} + \iint Data$$

ǂ

*__ADHL – DIE FEITE__

**ADHL, of asimmetriese digitale huurderlyn, gebruik koperkabels en bied hoëspoedkonnektiwiteit teenoor ouer tegnologie soos inbelinternet wat met 'n modem deur 'n landlyn gewerk het.

***__Voordele:__
****Dit is in die meeste areas beskikbaar.
****Dit bied mededingende spoed aan gebruikers wat basiese konnektiwiteit verlang en nie baie aktief is aanlyn nie.
****Daar is beperkte en onbeperkte weergawes beskikbaar, afhangende van jou behoeftes.

kolom 2, regs

***__Nadele:__
****Hoe verder jou huis van die Telkom-sentrale is (klein struktuurtjies in sekere woonbuurte waar konneksies plaaslik geskied) hoe stadiger is die ADHL-spoed.
****ADHL is vatbaar vir elektriese steurings.
****ADHL vereis baie instandhouding, wat beteken dit is nie altyd betroubaar nie.
****'n Landlyn is nodig vir internettoegang met ADHL.

kolom 1, links

Verander na twee kolomme

***__Spoed beskikbaar:__
****Die volgende ADHL-spoed is beskikbaar: 1, 2, 4, 8, 10, 20 en 40 Mbps.

---------- *Voeg bladsybreuk in*

Verander bladsy na landskap

*__VESEL – DIE FEITE__

**Vesel, of optiesevesel, span letterlik die spoed van lig in om data deur middel van glaskabels oor te dra. Daarom is dit die vinnigste en mees betroubare vorm van internetkonnektiwiteit wat tans beskikbaar is.

Kopiereg voorbehou

***Voordele:**
****Hierdie tegnologie bied verskeie voordele soos duidelike en betroubare dataoordrag. Een van die redes hiervoor is dat glas nie elektrisiteit kan gelei nie en daarom veroorsaak elektriese storms byvoorbeeld minder steurings op die lyne.
****Data kan tot 50 km na/van 'n sentrale beweeg voordat enige vorm van spoedverlaging plaasvind! Dit maak dus nie saak hoe ver jy van die sentrale is nie.
****Veselkabels is soortgelyk in prys as dié van die koper wat vir ADHS gebruik word, maar makliker om in stand te hou.
****Jy het nie 'n landlyn nodig vir toegang tot die internet met vesel nie.
****En die beste deel van vesel is dat nuwe maniere gevind kan word om ligdata selfs vinniger oor te dra sonder dat die infrastruktuur oorbodig raak.
****Beperkte en onbeperkte opsies word bekend gestel terwyl jy hier lees.

Sorteer die voordele alfabeties

***Nadele:**
****Vesel se grootste nadeel op die oomblik is dat dit nuut op die mark is en nog nie oral beskikbaar is nie!
****Maar, Khawuleza kan reeds veseltoegang in feitlik 100,000 plekke bied, maak dus seker of jy nie dalk gelukkig genoeg is nie.

***Spoed beskikbaar:**
****Vesel is in die volgende spoed beskikbaar: 2, 4, 8, 10, 20, 40, 50 en 100 Mbps (afhangende van die veselverskaffer).

---------- *Voeg bladsybreuk in*

***ADHL VS VESEL**

Hoekom is vesel verkieslik? Terwyl die verstommende spoed baie mense trek, is die grootste aantrekkingskrag van vesel die betroubaarheid daarvan en dat dit nie van 'n landlyn afhanklik is nie. As daar vesel in jou omgewing is, maak dit sin om die ADHL-lyn van 40 Mbps te verruil vir 'n vesellyn van 40 Mbps as jy in ag neem dat die buitengewone vinnige internet jou nie in die steek sal laat wanneer jy dit die nodigste het nie – en dit klink selfs beter as jy iets kan kry wat vinniger is!

Kopieer vergelyking hier

[31]

VRAAG 8

1. Herwin die lêer OPTIESEVESEL wat op die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTLÊERS-lêergids gestoor is.

2. Verander die font van die dokument na Century Gothic 12 pt.

3. Kantruimtes moet 2,54 cm/1" wees.

4. Voeg jou EKSAMENNOMMER/REKENAARNOMMER en die VRAAG-NOMMER in as kopskrif soos aangedui in die instruksies.

5. Redigeer die dokument soos hier onder aangedui en volgens die proefflees-tekens.

6. Herwin die lêer VOORDELE wat op die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTLÊERS-lêergids gestoor is en voeg die lêer in waar aangedui.

7. Voeg bladsybreuke in waar aangedui.

8. Voeg bladsynommers bo in, gesentreer in lyn met jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER. Vetdruk die bladsynommers.

9. Pas die volgende style toe:

   9.1. Verander opskrif 1 soos volg:
   Font: Rockwell 12 pt; fontkleur outomaties (swart); vetdruk; hoofletters
   Paragraaf: sentreer; spasies voor en na 0

   9.2 Pas opskrif 1 toe op alle paragraafopskrifte gemerk met 'n *.

   9.3 Verander opskrif 2 soos volg:
   Font: Rockwell 12 pt; fontkleur outomaties (swart); onderstreep
   Paragraaf: belyn links; spasie voor en na 0

   9.4 Pas opskrif 2 toe op alle subparagraafopskrifte gemerk met 'n **.

10. MANIPULASIE VAN EERSTE BLADSY (INHOUDSOPGAWE):

   10.1 Verander die teks INHOUDSOPGAWE na 16 pt, hoofletters, vetdruk en gesentreer. Voeg rande om die teks in (kantruimte tot kantruimte) en pas ligte grys skadu toe. Laat TWEE reëlafstande.

   10.2 Moet geen bladsynommer op hierdie bladsy vertoon nie.

   10.3 Merk die volgende opskrifte vir die Inhoudsopgawe:

   ALLE opskrifte gemerk met * en **

   10.4 Genereer die Inhoudsopgawe.

   10.5 Bladsynommers moet regsbelyn wees met *tab*-stippellyne (*tab leader lines*).

Kopiereg voorbehou

10.6 Maak seker daar is 'n bladsybreuk aan die einde van die Inhoudsopgawe.

11. MANIPULASIE VAN DIE TWEEDE BLADSY:
(Hierdie bladsy begin met GESKIEDENIS.)

11.1 Die bladsynommer moet by 10 begin.

11.2 Sentreer hierdie bladsy vertikaal.

11.3 Sorteer die paragrawe soos aangedui.

11.4 Werk die Inhoudopgawe by (*Update*), indien nodig.

12. MANIPULASIE VAN DIE LAASTE BLADSY (INDEKS):

12.1 Verander die teks INDEKS na 16 pt, hoofletters, vetdruk en gesentreer. Voeg rande om die teks in (kantruimte tot kantruimte) en pas ligte grys skadu toe.

12.2 Laat TWEE reëlafstande na die opskrif INDEKS en genereer die indeks met die woorde hier onder. Moet nie verwysings na die Inhoudsopgawe insluit nie. Gebruik slegs hoofinskrywings.

lig; steuring; optiesevesel; afstand; toepassings, Sensors; kabels

12.3 Bladsynommers moet regsbelyn wees met *tab*-stippellyne. Gebruik TWEE kolomme.

13. Stoor die dokument as V8 OPTIESE IO.

14. Druk slegs die volgende DRIE bladsye**:** eerste bladsy (INHOUDSOPGAWE), tweede bladsy (bladsy 10) en laaste bladsy (INDEKS). Jy sal gepenaliseer word as jy enige ander bladsy druk. Plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

Inhoudsopgawe] *16 pt, bokas, vetdruk, gesentreer, teksrand, beskadu*

Genereer Inhoudsopgawe hier

----------*Bladsybreuk*

Sentreer hierdie bladsy vertikaal.

***Geskiedenis**

Die rig van lig met refraksie, die beginsel wat optiesevesel moontlik maak, is vroeg in die 1840's in Parys die eerste keer gedemonstreer deur Daniel Colladon en Jacques Babinet.

***Rekordspoed**

Om 'n hoë datatempo te bereik en gelyktydig 'n lang afstand te dek is uitdagend, maar moontlik met veselkonneksies.
2012: 1 Pbits/s oor 'n enkelvesel van 50 km oorgedra deur Nippon Telegraph and Telephone.
2006: 14 Tbits/s oorgedra deur Nippon Telegraph and Telephone.
2010: 69.1 Tbits/s oor 'n enkelvesel van 240 km oorgedra deur Nippon Telegraph and Telephone.
2009: Bell Labs in Frankryk het 15.5 Tbits/s oor vesel van 7 000 km oorgedra.

Sorteer in stygende volgorde volgens die jaar

***Gebruik**

****Kommunikasie**
Optiesevesel is veral voordelig vir kommunikasie oor lang afstande.

****Sensors**
Optiesevesel kan as sensors gebruik word om vervorming, temperatuur en druk te meet omdat dit so klein is.

****Kragoordrag**
Optiesevesel kan gebruik word om krag oor te dra deur 'n fotovoltaïese sel te gebruik om die lig na elektrisiteit om te skakel.

****Ander gebruike**
Hulle word as ligleiers gebruik in mediese situasies. In sommige geboue word optiesevesel die roete waarlangs sonlig van die dag na ander dele van die gebou geneem word. Lampe van optiesevesel word gebruik vir verligting in dekoratiewe toepassings.
----------*Bladsybreuk*

Voeg die lêer VOORDELE hier in soos onder aangedui

***Voordele**

Die voordele van die gebruik van optiesevesel vir kommunikasie in vergelyking met koperdraadstelsels is die volgende:

****Breë bandwydte**
'n Enkeloptiesevesel kan meer as 3 000 000 volduplekssteмoproepe oor 90 000 TV-kanale dra.

****Bestand teen elektromagnetiese steurings**
Inligting wat binne die optiesevesel loop, is bestand teen elektromagnetiese steuring.

****Lae verswakkingsverlies oor lang afstande**
Verswakkingsverlies in optieseveselkabels kan so min as 0.2 dB/km wees in oordrag oor lang afstande.

Kopiereg voorbehou

****Elektriese isolator**
Optiesevesel gelei nie elektrisiteit nie en kan oor pale gehang word langs hoëspanningskragdrade.

****Koste van materiaal en voorkoming van diefstal**
Konvensionele kabelstelsels gebruik groot hoeveelhede koper.

****Veiligheid van inligting wat deur die kabel oorgedra word**
Koper kan maklik getap word met slegs geringe gevaar van opsporing.

----------*Bladsybreuk*

***Bedryfsbeginsels**

'n Optiesevesel is 'n silindriese niegeleidende golfleier wat lig langs sy as oordra.

****Indeks van refraksie**
Die indeks van refraksie is 'n manier om die spoed van lig in 'n materiaal te meet. Tydens 'n foonoproep oor vesel tussen Sydney en New York, 'n afstand van 16 000 kilometer, is daar 'n minimum vertraging van 80 millisekonde (tussen die persoon wat praat en die een wat luister).

****Totale interne refleksie**
Hierdie effek word in optiesevesel gebruik om lig tot die kern te beperk.

****Multimodusvesel**
Vesel met 'n groot kerndeursnee word multimodus genoem.

****Enkelmodusvesel**
Vesel met 'n kerndeursnee minder as sowat tien keer die golflengte van die voortplantingslig.

****Enkeldoelvesel**
Polarisasie-instandhoudingsvesel is 'n unieke soort vesel wat algemeen in optieseveselsensors gebruik word.
----------*Bladsybreuk*
***Praktiese probleme**

****Materiaal**
Optiesevesel van glas word feitlik altyd van silika gemaak, maar sommige ander materiale, soos saffier, fluoriedglas, fosfaatglas en chalcogeniedglas word ook gebruik.
---------- *Bladsybreuk*
***Kabelkonstruksie**

Die bedekking van praktiese vesel het gewoonlik 'n sterk harpuislaag en 'n bykomende bufferlaag wat ook nog deur 'n hulslaag omring kan wees.

Kopiereg voorbehou

****Afhegting en splitsing**
Optiesevesels is aan terminaaltoerusting gekonnekteer met verbinders van optiesevesel.

****Vryruimtekoppeling**
Dit is dikwels nodig om optiesevesel met ander optiesevesel te belyn. Dit kan behels dat die vesel versigtig belyn moet word en dan in kontak met die toestel geplaas word, of 'n lens kan gebruik word om koppeling oor 'n lugspleet toe te laat.

****Veselsekering**
Wanneer vesel aan 'n skok onderwerp word of andersins skielik beskadig word, kan 'n veselsmelting plaasvind. In gevalle van ondersese kabels kan 'n beskermingstoestel by die sender die kring breek om die skade tot 'n minimum te beperk.

****Chromatiese dispersie**
Ligbronne is nie volmaak monochromaties nie. Dit veroorsaak dat, oor lang afstande en teen 'n hoë modulasiespoed, verskillende frekwensies van lig teen verskillende tempo's by die ontvanger aankom.
---------- *Bladsybreuk*

Indeks } *16 pt, bokas, vetdruk, gesentreer, teksrand, beskadu*

Genereer Indeks hier

[27]

TOTAAL AFDELING B: 150

ÓF

AFDELING C: SIGBLAD

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Skryf die weergawe van die sigbladprogram wat jy gebruik op die voorblad van jou EKSAMENOMSLAG, byvoorbeeld MS Excel 2013.

2. Lees die instruksies by elke vraag aandagtig voordat jy antwoord.

3. Gebruik Arial 10 pt behalwe waar anders aangedui.

4. Die volgende inligting moet op elke bladsy as kopskrif (*header*) verskyn:

   Belyn jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER teen die linkerkantruimte — Belyn die VRAAGNOMMER teen die regterkantruimte

   EKSAMENNOMMER (REKENAARNOMMER) VRAAGNOMMER

5. ALLE lyne in die sigblad moet ingevoeg word met die metode waarmee jy bekend is.

6. Gebruik die toepaslike datum-/tydfunksie om ALLE datums en tyd in te voeg.

7. Verwys na ALLE waardes wat herhaal moet word as absolute selverwysings.

8. ALLE DRUKSTUKKE moet op EEN A4-bladsy pas. Indien die sigblad NIE pas op EEN portretbladsy nie, kan jy landskaporiëntasie gebruik of die kantruimtes verstel tensy anders gespesifiseer.

9. Plaas ALLE DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9A

Ontwerp 'n sigblad om die kontrakte van kliënte van die maatskappy Khawuleza Fibre Optics Services op te som.

9.1 Herwin die lêer VESELKONTRAKTE wat op die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTLÊERS-lêergids gestoor is.

9.2 Verander die font van die sigblad na Arial 10 pt, behalwe waar anders aangedui.

9.3 Voeg jou EKSAMENNOMMER/REKENAARNOMMER en die VRAAG-NOMMER in soos aangedui in die instruksies.

9.4 Verander die bladsyuitleg na landskaporiëntasie.

9.5 Volg die instruksies hier onder en op die skermdruk. Neem AL die proef-leestekens in ag. Voeg alle teks in soos aangedui.

9.6 Voeg 6 oop rye aan die bokant van die sigblad in.

9.7 Formateer die eerste ry soos volg:

9.7.1 Voeg sel A1 tot H1 saam en sentreer.

9.7.2 Stel die ryhoogte op 3,5 cm/1,38".

9.7.3 Voeg die teks Fibre Optics Services in Arial 14 pt en belyn die teks in die middel onder.

9.7.4 Voeg die teks Khawuleza in as WordArt-voorwerp (*Style: Reflection*) in die oop spasie bokant Fibre Optics Services. As jou programweergawe nie die *Style: Reflection* bied nie, kan jy enige skadu-effek gebruik.

9.7.5 Verander die font van die WordArt na Agency FB 40 pt en vetdruk.

9.7.6 Maak seker die WordArt-voorwerp oorvleuel nie enige bestaande teks nie.

9.7.7 Formateer die sel/ry om 'n *Fill Effect* van twee kleure te hê, *vertical shading style* (donker na lig).

9.8 Voeg die prent VESELLOGO wat op die REKENAARPRAKTYK N6\ STUDENTLÊERS-lêergids gestoor is in ry 1 in en formateer soos volg:

9.8.1 Stel die hoogte en wydte van die prent op 2,54 cm/1".

9.8.2 Belyn die prent met die regterrand van kolom H.

Kopiereg voorbehou

9.8.3 Formateer die prent in die styl *Drop Shadow Rectangle*.

9.9 Voeg die teks in ry 3–5 in. Gebruik die korrekte Wingdings-simbole.

9.10 Gebruik 'n funksie om die huidige datum en tyd in sel H3 in te voeg. Vertoon die datum en tyd soos aangedui in die skermdruk. Die datum en tyd moet die stelseldatum bywerk elke keer wat die sigblad oopgemaak word.

9.11 Formateer ry 7 soos volg:

9.11.1 Voeg sel A7 tot H7 saam en sentreer.

9.11.2 Gebruik 'n sigbladfunksie om die teks in ry 7 te verander (DOWNLOAD 20 UPLOAD 2 MBPS UNCAPPED CONTRACTS) na hoofletters.

9.11.3 Gebruik vetdruk vir ry 7.

9.12 Formateer ry 8 soos volg:

9.12.1 Voeg die teks van die nuwe kolomopskrifte in.

9.12.2 Pas teksomvouing toe op alle opskrifte soos aangedui in die skermdruk.

9.12.3 Verander al die opskrifte na vetdruk.

9.12.4 Sentreer alle opskrifte.

9.13 Gebruik vetdruk vir al die teks in ry 16 tot 19.

9.14 Voeg formules/funksies in waar letters van die alfabet verskyn om die volgende berekeninge te doen:

A Die Produkprys is 'n maandelikse fooi wat die kliënt betaal vir datadiens. Ken die reeksnaam PRODUK toe aan die verwysingstabel A22:C26. Gebruik hierdie verwysingstabel en die geskikte sigbladfunksie om die Produkprys per maand vas te stel gegrond op die Produkkode.

B Gebruik die verwysingstabel B28:F29 en die geskikte sigbladfunksie om die Roeteerderprys vas te stel gegrond op die Roeteerdertipe. Gebruik absolute selverwysings waar van toepassing.

C Gebruik die geskikte funksie om die Roeteerderprys per maand vas te stel. As die kontraktipe 'n jaar is, betaal die kliënt geen maandelikse fooi nie. Kliënte met 'n maand-tot-maand-kontrak betaal 5% van die Roeteerderprys per maand. Werk die maandelikse prys vir hierdie kliënte uit of vertoon 'n 0-waarde vir kliënte met 'n jaarkontrak.

D Elke maand betaal kliënte die Produkprys en die Roeteerderprys per maand. Gebruik 'n formule om die geskatte jaarlikse fooie te bereken.

Kopiereg voorbehou

E Gebruik die geskikte funksie om die Totaal van elke kolom te bereken.

F Gebruik die geskikte funksie om die Aantal kliënte te tel. Gebruik 'n funksie wat jou toelaat om die kliëntname in kolom A te tel.

G Gebruik die geskikte funksie om die Gemiddelde produkprys vas te stel.

H Gebruik die geskikte funksie om die Hoogste geskatte jaarlikse fooie van alle kliënte te vertoon.

9.15 Kopieer die formules/funksies na ander selle soos aangedui.

9.16 Sorteer die Produkkode en die ooreenstemmende data in stygende volgorde.

9.17 Vertoon die Produkprys, Roeteerderprys, Roeteerderprys per maand, Geskatte jaarlikse fooie, Totaal, Gemiddelde produkprys en Hoogste geskatte jaarlikse fooie as geldeenheid met TWEE desimale.

9.18 Vertoon die getal kliënte as 'n heelgetal.

9.19 Voeg alle vertikale en horisontale rande in soos aangedui.

9.20 Verstel die kolomwydtes en ryhoogtes om alle data korrek te vertoon soos aangedui op die skermdruk. Verstel kantruimtes indien nodig.

9.21 Stoor die sigblad as VRAAG 9A VESELKONTRAKTE.

9.22 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte in landskaporiëntasie op EEN bladsy. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

Voeg WordArt in
Styl: *Reflection*

Belyn: Onder, gesentreer **Font:** Arial 14 pt

Khawuleza
Fibre Optics Services

Voeg prent in
Prentstyl:
Drop shadow rectangle
Grootte: 2,54 cm/1" x 2,54 cm/1"

Ry 1:
Voeg saam en sentreer A1:H1
Ryhoogte: 3,5 cm /1,38"

***Cell Fill Effect*:**
2 kleure; *Vertical shading style*

0800 000 555
info@khawulezafibre.com
https://www.khawulezafibre.com

Voeg teks in en korrekte simbole

Voeg teks in → Datum en tyd: 18-09-2019 17:56

Voeg alle nuwe kolomopskrifte in

Gebruik 'n funksie en voeg **datum en tyd** in; Formateer soos aangedui

Voeg saam en sentreer A7:H7
Gebruik 'n funksie en verander na hoofletters

DOWNLOAD 20 UPLOAD 2 MBPS UNCAPPED CONTRACTS

Alle opskrifte:
Vetdruk, sentreer horisontaal en vertikaal, pas die korrekte teksomvouing toe

Kliënt	Produk-kode	Roeteerder-tipe	Kontrak-tipe	Produk-prys	Roeteerder-prys	Roeteerder-prys per maand	Geskatte jaarlikse fooie
	Sorteer:			A	B	C	D
Adonis, TJ	P4	M4	Maand-tot-maand				
Benade, O	P1	M1	Jaar				
Crombie, MI	P2	M2	Maand-tot-maand				
Madolo, Z	P3	M3	Maand-tot-maand				
Tatubana, O	P1	M1	Jaar				
Zaleni, ZL	P5	M5	Maand-tot-maand				
Totaal				E →			
Aantal kliënte							F
Gemiddelde produkprys							G
Hoogste geskatte jaarlikse fooie							H

Voeg teks in vetdruk in

Produkkode	IDV	Produkprys
P1	Home-Connect	R 690,00
P2	WiruLink	R 790,00
P3	MWeb	R 800,00
P4	Webafrica	R 830,00
P5	Cool Ideas	R 1 400,00

Roeteerdertipe	M1	M2	M3	M4	M5
Roeteerderprys	R 1 200,00	R 1 600,00	R 2 000,00	R 2 400,00	R 2 800,00

(42)

VRAAG 9B

9.1 Herwin die sigblad VRAAG 9A VESELKONTRAKTE.

9.2 Verander die vraagnommer in die kopskrif na 9B.

9.3 Vertoon ry- en kolomopkrifte.

9.4 Skrap die prent.

9.5 Versteek die verwysingstabelle in ry 21 tot 29.

9.6 Versteek kolom A tot D.

9.7 Vertoon die formules.

9.8 Verander die kolomwydtes en ryhoogtes sodat alle formules leesbaar is.

9.9 Jy mag die kantruimtes aanpas, indien nodig, sodat die sigblad op EEN landskapbladsy pas.

9.10 Stoor die sigblad as VRAAG 9B VESELKONTRAKTE.

9.11 Voeg die lêernaam van die sigblad onder in die middel van die voetskrif in.

9.12 Sentreer die sigblad horisontaal en vertikaal op die bladsy.

9.13 Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte en gesentreer op EEN landskapbladsy. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(28)
[70]

VRAAG 10A

Ontwerp 'n sigblad om die finansiële beplanning van die maatskappy te help.

10.1 Skep die sigblad volgens die instruksies hier onder en op die skermdruk. Neem alle proefleestekens in ag.

10.2 Gebruik Arial 10 pt, behalwe waar 'n ander opdrag gegee is.

10.3 Voeg jou EKSAMENNOMMER/REKENAARNOMMER en die VRAAG-NOMMER in soos aangedui in die instruksies.

10.4 Verander die bladsyuitleg na landskaporiëntasie.

10.5 Voeg die teks in soos aangedui op die skermdruk.

Kopiereg voorbehou

10.6 Voeg die maatskappynaam, Khawuleza Fibre Optics Services, in vetdruk in A1 in deur Agency FB 40 pt te gebruik.

10.7 Voeg die teks FINANSIËLE BEPLANNING in A3 in Arial 14 pt en in vetdruk in.

10.8 Voeg die volgende selle saam en sentreer:

A5:B5
D5:E5
A14:B14
D14:E14.

Voeg die teks in hoofletters in soos aangedui op die skermdruk. Formateer hierdie opskrifte deur vetdruk en kursief te gebruik.

10.9 Voeg die res van die teks in ry 6–20 in.

10.10 Voeg die kolomopskrifte in ry 22 in in hoofletters, vetdruk en kursief. Sentreer al hierdie opskrifte.

10.11 Kopieer die name van die kliënte uit die lêer VESELKONTRAKTE wat op die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTLÊERS-lêergids gestoor is. Plak (*Paste*) hierdie name in sel A24:A29. Maak seker dat die name in alfabetiese volgorde is.

10.12 Voeg die teks in sel A30 in vetdruk en kursief in soos aangedui op die skermdruk.

10.13 Voeg die waardes van AFSTAND NA HUIS (M) in sel B24–B29 as heelgetalle in.

10.14 Voeg formules/funksies in waar letters van die alfabet verskyn om die berekeninge onder te doen. Gebruik absolute selverwysings waar van toepassing wanneer na waardes verwys word.

A Gebruik die waardes in B6 tot B8 en die geskikte sigbladfunksie om die MAANDELIKSE BETALING van die lening van die eiendom te bereken.

B Bereken die TOTALE BEDRAG wat oor die volle leningsperiode betaal sal word.

C Gebruik die waardes in E7 tot E10 en die geskikte sigbladfunksie om die HUIDIGE WAARDE VAN BELEGGING te bereken. Dit is gegrond op 'n vaste maandelikse paaiement oor 5 jaar.

D Gebruik die waardes in B15 tot B17 en die geskikte sigbladfunksie om die JAARLIKSE RENTEKOERS van 'n annuïteit te bereken. Dit is gegrond op 'n vaste maandelikse betaling oor 5 jaar.

Kopiereg voorbehou

E Om optieseveseldiens te kry moet die kliënt ‘n fooi betaal vir elke meter van die konneksiepunt tot by die huis. Die kliënt betaal ook 'n eenmalige installasiefooi. Raadpleeg die pryse in E15 en E16 en gebruik die volgende data om die KONNEKSIEKOSTE: AFSTAND NA HUIS (M), KOSTE PER METER en EENMALIGE INSTALLASIEFOOI te bereken.

F Die kliënt moet nog 'n fooi betaal, ONDERHOUDSKOSTE PER MAAND. Hierdie koste word bepaal deur die ONDERHOUDSKOSTE PER MAAND (E17) en die AFSTAND NA HUIS (M) van elke kliënt.

G Die TOTALE KOSTE is die koste vir die eerste maand. Dit is die som van die KONNEKSIEKOSTE en ONDERHOUDSKOSTE PER MAAND.

H Die kliënt betaal die TOTALE KOSTE vir die installasie gedurende die eerste jaar van die kontrak. Elke kliënt betaal ook vir die data vir elke maand, soos aangedui in E18. Gebruik die geskikte sigbladfunksie om die MAANDELIKSE PAAIEMENT te bereken, gegrond op die TOTALE KOSTE en die waardes in E18 tot E20.

I Gebruik die geskikte sigbladfunksie om die totaal van elke kolom te bereken.

10.15 Kopieer die formules/funksies na die ander selle soos aangedui.

10.16 Vertoon alle geldwaardes as geldeenheid met TWEE desimale.

10.17 Vertoon JAARLIKSE RENTEKOERS-waardes as persentasie met EEN desimaal.

10.18 Vertoon TERMYN VAN LENING (JAAR), TERMYN VAN BELEGGING (JAAR), KONTRAKTERMYN (JAAR) en AFSTAND NA HUIS (M) as heelgetalle.

10.19 Vertoon alle rande soos aangedui op die skermdruk.

10.20 Verstel kolomwydtes en ryhoogtes om alle data korrek te vertoon soos aangedui op die skermdruk. Die kantruimtes kan aangepas word indien nodig.

10.21 Stoor die sigblad as VRAAG 10A FINANSIES.

10.22 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte in landskaporiëntasie op EEN bladsy. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

Khawuleza Fibre Optics Services

Font: Agency FB 40 pt, vetdruk

FINANSIËLE BEPLANNING

Font: Arial 14 pt, vetdruk

Voeg saam en sentreer
Formateer: Vetdruk en kursief

EIENDOM	
LENING	R 800 000,00
JAARLIKSE RENTEKOERS	10,0%
TERMYN VAN LENING (JARE)	20
MAANDELIKSE BETALING	**A**
TOTALE BEDRAG BETAAL	**B**

WAARDE VAN BELEGGING	
JAARLIKSE RENTEKOERS	8,5%
TERMYN VAN BELEGGING (JARE)	5
MAANDELIKSE BETALING	R 2 000,00
HUIDIGE WAARDE VAN BELEGGING	**C**

Voeg saam en sentreer
Formateer: Vetdruk en kursief

RENTEKOERS	
BELEGGING	R 5 000,00
TERMYN VAN BELEGGING (JARE)	5
MAANDELIKSE BETALING	R 100,00
JAARLIKSE RENTEKOERS	**D**

KONNEKSIEKOSTE	
KOSTE PER METER	R 195,00
EENMALIGE INSTALLASIEFOOI	R 1 500,00
ONDERHOUDSKOSTE PER MAAND	R 0,80
MAANDELIKSE DATAKOSTE	R 699,00
JAARLIKSE RENTEKOERS	10,0%
KONTRAKTERMYN (JARE)	1

KLIËNT	*AFSTAND NA HUIS (M)*	*KONNEKSIE-KOSTE*	*ONDERHOUDS-KOSTE PER MAAND*	*TOTALE KOSTE*	*MAANDELIKSE BETALING*
Adonis, TJ	15	**E**	**F**	**G**	**H**
Benade, O	25				
Crombie, MI	25				
Madolo, Z	20				
Tatubana, O	15				
Zaleni, ZL	10				
TOTAAL	**I**				

Kopieer en plak die name van die lêer VESELKONTRAKTE Maak seker dat die name in alfabetiese volgorde is

} Vetdruk, kursief

Alle kolomopskrifte: Vetdruk, kursief,

(35)

VRAAG 10B

10.1 Herwin die sigblad VRAAG 10A FINANSIES.

10.2 Verander die vraagnommer in die kopskrif na 10B.

10.3 Vertoon ry- en kolomopskrifte.

10.4 Vertoon roosterlyne (*gridlines*).

10.5 Versteek kolom A.

10.6 Versteek ry 1–4.

10.7 Vertoon die formules.

10.8 Verander die kolomwydtes en ryhoogtes sodat alle formules leesbaar is.

10.9 Stoor die sigblad as VRAAG 10B FINANSIES.

10.10 Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte en roosterlyne in landskaporiëntasie op EEN bladsy. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(30)
[65]

VRAAG 11

11.1 Herwin die sigblad IDV-OPNAME wat op die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTLÊERS-lêergids gestoor is.

Die tabel gee 'n oorsig van die resultate van 'n kliënteopname met tellings uit 10. Slegs IDV's met 'n beduidende aantal antwoorde is in die lys opgeneem.

11.2 Skep 'n GEMENGDE/KOMBO-GRAFIEK wat die Waarde vir geld, Ntwerkgehalte, Steun en fakturering en Gemiddeld van die volgende top-5 IDV's vertoon:

Afrihost, Axxess, Crystal Web, Vox en Webafrica

Maak seker dat die horisontale as die IDV-naam vertoon en die vertikale as die gewildheidsyfer.

11.3 Vertoon die Gemiddeld as 'n lyngrafiek en Waarde vir geld, Netwerkgehalte, Steun en fakturering as *clustered columns*.

11.4 Gebruik 'n sigbladinstruksie om die grafiek na 'n nuwe bladsy te skuif.

11.5 Voeg jou EKSAMENNOMMER/REKENAARNOMMER en die VRAAG-NOMMER in soos aangedui op die instruksies.

Kopiereg voorbehou

11.6 Voeg die volgende grafiektitels in 2 reëls in soos aangedui:

11.6.1 TOP VYF ADHL EN VESEL IDV's IN SUID-AFRIKA
Opname deur: MyBroadband

11.6.2 Die 1ste reël van die titel moet in Agency FB 18 pt en vetdruk wees.

11.6.3 Die 2de reël van die titel moet in Century Gothic 10 pt wees.

11.7 Voeg die volgende as-titels in:

11.7.1 Vertikale titel: GEWILDHEID

11.7.2 Horisontale titel: SA INTERNETDIENSVERSKAFFERS

11.8 Vertoon die data-etikette soos volg:

11.8.1 Vertoon etikette vir die Waarde vir geld-reeks as data-uitroep (*data callouts*) bo aan die grafiek. Vertoon slegs die waardes.

11.8.2 Vertoon die etikette vir die lyngrafiek onder die lyn.

11.9 Vertoon die verklaring soos volg:

11.9.1 Plaas die verklaring bokant die plotarea van die grafiek sonder om die plotarea te oorvleuel.

11.9.2 Maak seker die verklaring vertoon die reeks korrek:
Waarde vir geld, Netwerkgehalte, Steun en fakturering en Gemiddeld

11.10 Stoor die grafiek as VRAAG 11 IDV-GRAFIEK.

11.11 Druk die grafiek as 'n nuwe bladsy in landskaporiëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

[15]

TOTAAL AFDELING C: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

REKENAARPRAKTYK N6

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

AFDELING A: TEORIE

VRAAG 1:	
VRAAG 2:	
VRAAG 3:	
VRAAG 4:	

VRAAG 1: INLIGTINGSTELSELS

1.1 _____

_____

_____

_____

_____

(5 × 1) (5)

1.2 Metode:

_____

Voordeel:

_____

_____

Metode:

_____

Voordeel:

_____

_____

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

Metode:

_____

Voordeel:

_____

_____

(3 × 2) (6)
[11]

VRAAG 2: BEDRYFSTELSELS

2.1 2.1.1 _____

2.1.2 _____

2.1.3 _____

2.1.4 _____

2.1.5 _____

2.1.6 _____

2.1.7 _____

2.1.8 _____

2.1.9 _____

2.1.10 _____

(10 × 1) (10)

2.2 2.2.1 _____

2.2.2 _____

2.2.3 _____

2.2.4 _____

(4 × 1) (4)
[14]

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 3: VIRUSSE

3.1 _____

3.2 _____

3.3 _____

3.4 _____

3.5 _____

3.6 _____

3.7 _____

3.8 _____

3.9 _____

3.10 _____

3.11 _____

3.12 _____

3.13 _____

(13 × 1) **[13]**

VRAAG 4: FOUTSPEURING

4.1 4.1.1 _____

_____

4.1.2 _____

_____

(2 × 2) (4)

4.2 4.2.1 _____

_____

(2)

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

4.2.2 _____

_____

_____ (3)

4.2.3 _____

_____

_____ (3)
[12]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou